

Inhoud Preek ds. Petrus Kriel seksuele losbandigheid liggaam goddelik. Hierdie preek wys dat mense deur sowel sedeloosheid as afgodsdienste teen hulle eie liggaam sondig. Dit is om hulle liggaam af te skei van hul menslikheid. Hulle gebruik hul liggame óf om hul eiegeregtigheid en eie magtigheid te demonstreer met sedeloosheid óf om hul liggaam leë lywe te maak om God se goddelikheid binne in hulle uit te stal. Op hierdie twee wyses verontmenslik hulle hul liggaamlikheid as iets waarmee hulle hul goddelikheid bevestig. Christus herstel ons volle menslikheid deur sy volle menswees na liggaam, siel en gees in die hemel sodat God met ons hele verstand, siel, gees en al ons liggaamlike kragte kan dien as mense.

Skriflesing 1 Korintiërs 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Galasiërs 5: 1.

Teks Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.”

Tema Ons liggame behoort aan die Here

1. Behoort ons liggame aan die Here of is Hy God binne in ons liggame?

Dit is hoe Paulus die lidmate van die gemeente Korinte se selfverheerliking in hierdie verse aanspreek: hulle wil met hul liggame hulle selfverheerliking vertoon en glo nie meer hulle liggame behoort aan die Here nie.

Sonde is dwaasheid wat as wysheid geglo word. Daarom wys Paulus in hoofstuk 3 dat God die wyses deur middel van hulle eie slinksheid vang en die niksseggenheid van hul slim redenasies ken. (1 Kor. 3: 19, 20)

In 1 Kor. 6 wys Paulus hoe lidmate met slimheid en niksseggende redenasies seks buite die huwelik wou regverdig asof dit hulle nuwe Christelike vryheid is. Die twee slinkse slimhede van die lidmate klink so:

1. “Alles is my geoorloof” en 2. “Kos is vir die maag en die maag vir kos.”

Paulus kon kort en kragtig met gesag verklaar het dat hulle oortree die sewende gebod, dat hulle die wet van God oortree en daarmee sou die saak afgehandel gewees het. Hy doen egter totaal iets anders. Nie met die wet nie, maar deur die evangelie wys hy die diepte van hul sonde.

Paulus wys dat die geloofsaak in hulle oortuiging dat sedelose seks nie sonde is nie gaan oor die ongeloof dat jy met jou liggaam jou goddelikheid vertoon en daarom nie meer glo jou liggaam behoort aan die Here nie.

Ons liggame behoort aan die Here

2. In drie kort en kragtige verklarings en teenverklarings in 'n gedramatiseerde debat tussen Paulus en lidmate wat sedelose verkeer regverdig, ontbloom Paulus hulle dwaasheid.

Hulle regverdig hulle seksuele sedeloosheid met die magsverklaring: "Alles is my geoorloof." In vandag se goddeloosheid klink hierdie magsverklaring so: "Ek kan met my liggaam doen wat ek wil want dit is my liggaam!"

Hierteenoor stel Paulus dat jy jou liggaam kan verniel en beskadig deur eiemagtige en kragdadige besluite. Jy kan nie met die beperktheid van jou liggaam eiemagtigheid demonstreer nie. Jou liggaam gaan juis die beperktheid van jou magsdrome en magsverklarings wys.

Onoortuig deur hierdie waarheid wat Paulus oor die mens se liggaam uitwys, stel hulle dan weer net kragdadig dat "Alles is my geoorloof." Hierop kom Paulus en wys die dwaasheid van hul eiemagtige houding: dat sedelose omgang maak dat jy deur 'n ander mens oorheers word. Jy demonstreer nie jou eiemagtigheid met jou liggaam só nie maar word juis vasgevang in die mag van die persoon met wie jy saam sonde doen. Dit verduidelik hy verder in vers 16, maar in hierdie debat het sy teenstanders sy punt aanvaar en verdedig hulle skielik hulle sedeloosheid met 'n nuwe magsverklaring: "Kos is vir die maag en maag is vir die kos."

In 2000 jaar het hierdie goddeloosheid nog nie 'n nuwe argument vir sedelose omgang uitgedink nie. Dit word vandag nog só gestel: "As jy honger is, moet jy eet." Met wetenskaplike taal word hierdie argument deur teoloë vandag só gestel: "Dit is jou seksuele identiteit en daarom móét jy dit doen."

3. Met hierdie argument het hulle nou hul eintlike saak waarmee hulle begin het verloor: "Ons kan doen net wat ons wil." Hulle erken hulle het nie die vryheid om te doen wat hulle wil soos hulle wil nie, want hulle is gevangenes van hierdie mag: "As jy 'n drif kry, moet jy die drif bevredig." U moet die boosheid van hierdie argument hoor! Wie maak 'n mens met 'n maag wat kos moet kry? Dit is God. So hulle tweede redenasie is dat God het hulle sondige drifte gemaak het, en omdat God hulle so gemaak het, het hulle nie 'n keuse nie. Hulle moet hierdie drifte bevredig!

Wie is nou eiemagtig? Mense wat slawe van hulle drifte is of God wat die mens se drif en sy liggaam tot niet maak, as oordeel vir sy eie magtige sedeloosheid? God maak en onderhou jou liggaam en Hy vernietig jou liggaam as oordeel op jou sonde. Daarom is Hy die Here van jou liggaam en nie jy nie!

Nou is hulle met hulle eie slinksheid dat hulle alles kan doen wat hulle wil, gevang want hulle moet terselfdertyd ook redeneer dat hulle nie 'n keuse het nie, hulle moet leef volgens die drifte soos hulle kom, want God het hulle só gemaak!

Ons liggame behoort aan die Here

In hulle eie slimmigheid erken hulle daarmee eintlik dat God die Here van hul liggaam is en nie hulle self nie.

4. Daarmee het Paulus die dwaasheid van hul slimmigheid om sedelose omgang te probeer regverdig, ontbloot. Die werklike sonde wys hy nou deur die inhoud van die evangelie!

Paulus kondig dit aan met hierdie sin: “Deur sy krag het God die Here opgewek en sal Hy ons ook opwek. Weet julle nie dat julle liggame ledemate van Christus is nie?

Hoe kan die opwekking van die Here en ons opwekking uit die dood, dit is evangelie, die diepte van die sonde van sedelose omgang openbaar?

Dit gaan oor die betekenis wat die Here aan mense se liggame gee!

Christus is as mens opgewek uit die dood uit om vir ewig 'n mens van vleis en bloed te wees. Dit is die evangelie. As u dit nie glo nie, kan u glad nie enige deel van hierdie Skrifgedeelte se bedoeling raaksien nie. Deur sy krag as God die Vader het Hy Christus as sy Seun se liggaam weer 'n lewende liggaam gemaak, en dit is hoe Christus vandag nog steeds 'n lewende mens is – liggaamlik van vleis en bloed!

Daarom sal die Here ons ook met Christus se wederkoms met sy krag as Skepper opwek uit die dood, wat beteken Hy sal ons weer mense laat wees met 'n liggaam van vleis en bloed. Paulus bestee die hele hoofstuk 15 in hierdie brief aan hierdie deel van die evangelie!

God het ons gemaak en bedoel om liggaamlik mense te wees en ons liggaamlikheid is ewig deel van ons menswees. Daarom is ons verlossing die herstel van ons liggaamlikheid uit die mag van die dood. Ons liggaamlikheid is deel van ons menslikheid!

5. Hoekom is onsedelikheid 'n sonde teen jou eie liggaam?

Dit is baie belangrik dat Paulus hier klem laat lê oor hoe onsedelikheid 'n sonde teen jou eie liggaam is!

Hoe sondig jy teen jou eie liggaam?

Hy wys spesifiek hoe prostitusie 'n sonde teen jou eie liggaam is. Hy wys daarop dat die Here ons seksualiteit so deel van ons menswees gemaak het dat jy daardeur as man en vrou een in liggaam word. In haar liggaamlike vrouwees word jy as man vervul en in sy liggaamlike manwees word jy as vrou vervul. Daarom vind daar deur hierdie liggaamlike eenheid ook 'n eenheid in jou menswees plaas.

Ons liggame behoort aan die Here

Een in liggaam en een in gees! Dit is hoe God ons liggaamlikheid as man en vrou laat werk!

Maar nou kom die mens en maak sy liggaamlikheid iets waarmee hy juis sy onverbondenheid demonstreer. Sy liggaam word 'n magsmiddel waarmee hy of sy demonstreer ek kan doen wat ek wil soos ek wil terwyl ek my deur niks en niemand laat bind nie.

In hierdie eiemagtigheid maak mense hul seksualiteit los van hul menslikheid en maak dit iets fisies wat niks met hulle menswees te doen het nie. Omgang is nou fisies die bekragtiging van eiemagtigheid en eiegeregtigheid. Die mens gebruik sy liggaam om sy eie goddelikheid te bekragtig met sedeloosheid.

Daarmee verontmenslik die mens sy eie liggaam en liggaamlikheid want dit word nou gesien en gebruik as 'n magsmiddel om selfgenoegsame eiegeregtigheid en eiemagtigheid mee uit te leef.

Om jou eie liggaamlikheid te skei van jou menswees, is hoe jy teen jou eie liggaam sondig. Jy verontmenslik jou eie liggaam!

6. Wie sy eie menslike liggaam verontmenslik, verontmenslik Christus!

Dit is belangrik om die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling hier te lees: “Weet julle nie dat julle liggame ledemate van Christus is nie? Sal ek dan die liggaam van Christus neem en deel maak van 'n prostituut? Beslis nie!”

Hier in vers 15 gebruik Paulus die woord: “liggame”. Dit is liggaam in meervoud. In vers 19 gebruik hy die enkelvoud: “Julle liggaam”. In die 1983 vertaling word vers 15 verkeerdelik met die enkelvoud “julle liggaam” vertaal. Wat is die verskil tussen “liggame” in vers 15 en die “liggaam” in vers 19. Die woord “liggame” in vers 15 dui op elke mens se liggaamlikheid as mens. Die woord “liggaam” in “julle liggaam” in vers 19 is nie meer elke mens se liggaamlikheid nie, maar die kerk as liggaam van Christus.

Die evangelie is dat elke kind van God liggaamlik een is met Christus as mens in die hemel! Elke mens is nie net in gees of siel nie, maar ook liggaamlik ingesluit en het deel aan wie Christus as mens liggaamlik is. Sy lyding, kruisiging en sterwe was nie maar net innerlike geestelike worstelinge met God nie. Hy het in sy hele menswees, na liggaam, siel en gees gely onder God se toorn. Net so was Hy na liggaam, siel en gees vervloek gewees aan die kruis en het hy die prys betaal met sy dood na liggaam, siel en gees.

Wanneer Paulus dan in vers 14 verklaar dat God die Vader ons deur sy krag ook uit die dood opwek, dan beteken dit dat ons in elke deel van ons menslikheid ingesluit is in wat Christus as mens in die hemel is. Daarom stel die 1983 vertaling wees dat wie

Ons liggame behoort aan die Here

Hom met die Here verenig, bedoelende hierdie vereniging met Hom in sy menswees aanvaar, is een geestelik een met Hom.

Wie hulle vereniging met Christus in sy volle menslikheid, liggaamlik, na siel en gees aanvaar, is geestelik een met alles wie Hy vir ons as Here is. Wanneer jy jou eie liggaamlikheid verontmenslik, verontmenslik jy ook die liggaamlikheid van Christus en daarmee verbreek jy jou geestelike band met die Here! Jy kan nie Christus verontmenslik en met Hom net 'n goddelike verhouding as gees 'n gees binne in jou hê nie.

7. Die kerk is die liggaam van Christus, sy tempel!

Paulus stel dit só! “Of weet julle nie dat julle liggaam wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle en dat julle nie aan julle self behoort nie.” (1 Kor. 6: 19) Paulus sluit hier direk aan by wat hy al in hoofstuk 3 verse 16 en 17 gestel het: “Weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie: As iemand die tempel van God skade aandoen, sal God hom skade aandoen, want die tempel van God is heilig, en dié tempel is julle.”

In die vorige preke in hierdie reeks het ons die volgende inhoude vasgemaak uit God se woord:

1. Die tempel is nie God se blyplek nie, maar die seremoniële teken dat God sy volk in die allerheiligste van sy liefde as God laat leef.
2. Christus se liggaam as mens is die nuwe tempel want in alles wat Hy doen, maak Hy ons deel van God se liefde en heilig om God lief te mag hê.
3. Die Vader maak Hom ons tuis by ons as sy kinders in die allerheiligste van sy liefde as Vader. Dit is wat die Vader deur sy Gees met ons doen.
4. Die Vader woon deur sy Gees in die kerk, nie in mense se lywe nie.

Hier kom Paulus nou wys dat deur dit alles is die kerk Christus se liggaam en woon die Gees van God die Vader in die kerk. Omdat ons deel is van die liggaam van Christus, en God die Vader ons in sy allerheiligste liefde insluit, is ons as mens vir God heilig.

Om tempel te wees beteken om as mense heilig te wees vir God se Allerheiligste liefde! Hoe? Deur liggaamlik ook aan die Here te behoort! Ons behoort as mense met ons hele liggaam, siel en gees aan die Here omdat ons ingesluit is in wie Hy liggaamlik, siel en gees as mens is.

Ons liggaamlikheid is hoe ons God volkome liefhet met ons hele liggaam, ons hele siel en ons hele gees. Wie god nie met sy liggaam liefhet nie, het God nie volkome lief nie.

Ons liggame behoort aan die Here

8. Daarom doen Paulus hierdie oproep op die lidmate in Korinte: “Verheerlik God dan met julle liggaam.” Hier het dit weer die betekenis van jou menslike liggaam! Jou menslike liggaam wat vir God ’n heilige liggaam is, ’n mens wat met sy liggaam toegewy is om te leef binne sy Allerheiligste liefde!

Wie sy eie liggaamlikheid los maak van sy menslikheid, verontmenslik Christus en ontheilig sy liggaam vir God!

Dit is mos sommer net die waarheid dat jy só jouself vir God ontheilig!

Wanneer jy met jou liggaam hierdie magsvertoon gee – ek wys dat ek met sedeloosheid eiemagtig en eiegeregtig kan doen wat ek wil, dan het jy nie met jou liggaam jou eie goddelikheid bevestig nie. Jy het jou van die menslikheid van jou liggaam vervreem! Jy het jou van God jou Skepper en Here se bedoeling van liggaam vervreem en jou eie liggaam só verontmenslik!

Hoe kan jy nog God verheerlik deur jou liggaam as Here van jou liggaam, wanneer jy jou liggaamlikheid gebruik om teenoor God jou eiemagtigheid en eiegeregtigheid met liggaamlike funksies te probeer bevestig?

Die liggaam wat Hy gemaak het, waarvan Hy die Here is wat dit onderhou en wat hy vir sy liefde geheilig het? Jy maak jou self nie eiemagtig en eiegeregtig as mens met sedeloosheid nie. Jy ontheilig net jou en jou eie liggaam vir God se diens!

9. Wie sy eie liggaam gebruik om goddelikheid te wys, verontmenslik Christus!

Hierdie verontmensliking van die Here Jesus Christus word vandag in kerke, kolleges en universiteite as die nuwe evangelie gepreek en geleer!

Dit klink só!

Jou eie menslike liggaam is God se tempel! So begin hulle om dit te laat klink asof dit is wat in hierdie tekste staan. Hoe sê hulle is jy God se tempel Só! Jy moet met jou liggaam God se goddelikheid wys en uitstraal vir ander mense! Jou liggaam moet die vertoonkas van God se goddelikheid binne in jou wees! In hulle slimmige slinksheid maak hulle asof dit is wat die Bybel ons leer hoe ons God se beeld moet wees! Ons moet met ons liggame God se goddelikheid uitbeeld vir ander mense in die wêreld! Hulle noem hierdie glaskaslewe ook verkeerdelik “jou getuienis.”

Is ons liggame leë lywe wat net soos vertoonkaste net leë glashouers is om God se goddelikheid binne in ons uit te stal of is ons liggame deel van ons menslikheid waarmee ons God liefhet, binne die Allerheiligste van sy liefde as Vader vir ons as heel mens, mense met ons eie menslike liggame, siele en geeste?

Ons liggame behoort aan die Here

Wat is dieselfde tussen hierdie twee stellings: “Alles is my geoorloof ek kan met my liggaam doen wat ek wil” en “Jou liggaam moet ’n leë glaskas wees wat God se goddelikheid binne in jou vertoon en uitbeeld!” Die een is sedeloosheid en die ander is afgodsdien. Maar sedeloosheid en afgodsdien doen met ’n mens se liggaam een en dieselfde ding: dit verontmenslik jou liggaam! In sedeloosheid is jou liggaam ’n magsmiddel vir eiegeregtigheid en eiemagtigheid, vervreem van jou menslikheid. In afgodsdien is jou liggaam nie meer deel van jou menslikheid nie, maar deel van die selfopgemaakte God binne in jou se goddelikheid. In jou liggaam ook vervreem van jou menslikheid!

Wie sy liggaam só verontmenslik, vir hom is Jesus nie meer mens vandag in die hemel nie, maar hierdie goddelike gees binne in wie se goddelikheid hy uitbeeld. Is Jesus nie meer mens met ’n menslike liggaam nie, maar ’n goddelike gees wat sy menslike liggaam verloor het. Nie meer die heilige mens met wie ons as mense verenig is nie, maar ’n goddelike gees in ons lyf wat ons met uitstal.

10. Die Here met wie ons verenig is, het met sy liggaam, siel en gees die prys betaal dat ons met liggaam, siel en gees aan Hom behoort en Hom ook deur ons menslik liggaamlikheid sal verheerlik!

Alles wat ons vir die Here is, aan wie ons behoort is ons liggaamlik. Elke gedagte, idee wat ons het, is met ons brein as liggaamsdeel. Elke erkenning, eer en dankbaarheid teenoor God is met ons menslike siel en alle liefde is ons met ons oë, hande, voete en spierkrag. Ons verheerlik God deur die liggaamlikheid van ons menswees.

Ons ontheilig God wanneer ons ons van ons eie liggaamlikheid vervreem met eiegeregtigheid of goddelikheid!

Kom ons sluit af!

Het u al gedink hoe kan kerklike vergaderinge nou sedeloosheid goedkeur in die Naam van God! Dit klink en moet eintlik ondenkbaar wees. Hoe dit gebeur is hoe lidmate in Korinte met prostitusie besig kon wees sonder dat hulle gevoel het dit ontheilig hulle vir God se diens as mens.

Die argumente in die vergaderinge klink so: 1. Ek kan alles doen wat ek wil, want dit is my mensereg! Dit is mos dieselfde as “Alles is my geoorloof.” 2. “Ons moet dit doen want God het ons met hierdie drifte gemaak: Kos is vir die maag en die maag is vir kos.” ’n Mens sou verset uit die vroomheid van die kerk teen hierdie sedeloosheid verwag het. Hoekom kon daar nie verset nie? Want die ander grootste deel van die kerklike vergaderinge glo só: Ons moet die god binne in ons se goddelikheid met ons liggame wys.”

Ons liggame behoort aan die Here

Elke groep wil die mens se liggaam vir sy eie kragdadigheid misbruik. Niemand wil liggaamlik mens wees soos mense wie met Christus as mens verenig is en ook liggaamlik aan God behoort nie. Vir elkeen is die mens se liggaam net 'n magsmiddel van menseregte se sedeloosheid tot die vroomheid van afgodsdienste.

11. Ons behoort aan die Here met liggaam, siel en gees om as mense sy dienaars te wees. God het ons ingesluit in Christus se menswees in die hemel sodat ons vir hom met ons liggaam, siel en gees heilige mense in die Allerheiligste van sy liefde is. Ons is sy tempel en die Gees van die Vader is ons Gees.

Kom ons hou op ons ons liggame as 'n magsmiddel vir of ons eie menseregte of ons eie goddelikheid te misbruik. Kom ons verheerlik God met ons liggame! Kom ons maak elke deel van ons liggaam van ons brein tot ons voete diensbaar in die liefde van God aan sy liefde! Kom ons hou op met die sonde teen ons eie liggaamlikheid!

Kom ons verheerlik God deur ons liggame! Ons liggame behoort aan die Here.